



Dow AgroSciences

LONTREL™ 100 SL



HERBICIDE

Reg. No./Nr. L4919 Act/Wet 36/1947

A SYSTEMIC WATER SOLUBLE LIQUID 'N SISTEMIESE WATEROPLOSBARE
 HERBICIDE FOR THE SUPPRESSION OF VLOEISTOF ONKRUIDDODER VIR DIE
 ACACIA sp. IN PINE AND EUCALYPTUS ONDERDRUKING VAN ACACIA sp. IN
 PLANTATIONS AND FOR POST- DENNE- EN EUCALYPTUS PLANTASIES
 EMERGENCE CONTROL OF ANNUAL EN VIR DIE NA-OPKOMS BEHEER VAN
 BROADLEAF WEEDS, AS LISTED, IN EENJARIGE BREëBLARE, SOOS
 CANOLA. AANGETOON, IN KANOLA.

HRAC: HERBICIDE GROUP CODE O HRAC: ONKRUIDDODER GROEPKODE

Active Ingredient/Aktiewe Bestanddeel

Clopyralid (pyridine compound) 100 g/λ Kloprialied (piridien verbinding)

NET VOLUME λ NETTO VOLUME

REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER

DOW AGROSCIENCES SOUTHERN AFRICA (PTY) LTD / (EDMS) BPK
 REG NO 1967/007147/07
 PRIVATE BAG X 160 PRIVAATSAK
 BRYANSTON 2021

*LONTREL is a registered trademark of/is 'n geregistreerde handelsmerk van Dow AgroSciences (Pty) Ltd/(Edms) Bpk


Batch No. Lot Nr.

Date of Manufacture Datum van Vervaardiging

UN NO: Not Regulated

Tygerberg Poison Information Centre: (021) 931-6129
 Griffon Poison Information Centre: +27(0)82-446-8946
 24 Hour Emergency Tel No: (032) 533-0716/082-887-8079
 Information Hotline Tel No: (012) 361-8112

Lontrel* 100 SL/2006-08-22



CAUTION
VERSIGTIG



WARNINGS

Poisonous by swallowing.

Concentrate may cause irritation to eyes and skin.

Store in a cool place.

Store away from food, feed, seed and other agricultural chemicals and out of reach of children, uninformed persons and animals.

In case of poisoning, call a doctor and show him/her this label.

RE-ENTRY INTERVAL: Do not enter treated area until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions; quality of dilution water; compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of weeds against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

Wear protective gloves, goggles and clothing when handling the concentrate.

Do not breathe fumes or spray mist.

Wash contaminated clothing daily.

Wash with soap and water after accidental skin contact. Avoid eye contact. In case of eye contact, flush eyes with clean water.

Do not eat, drink or smoke whilst applying, mixing or before washing hands and face and change of clothing.

Prevent drift onto other crops, grazing, rivers, dams or areas not under treatment.

Clean applicator before using with other material - dispose of wash water where it will not contaminate food, grazing, rivers or dams.

Rinse empty container three times with a volume of water equal to a minimum of 10 % of that of the container. Add the rinsings to the contents of the spray tank before destroying the container by perforation and flattening and NEVER use for any other purpose.

Prevent contamination of food, feeds, drinking water and eating utensils.

DIRECTIONS FOR USE

Use only as directed

COMPATIBILITY

The compatibility of **LONTREL* 100 SL** with chemicals, other than those recommended, is not known and their usage together with **LONTREL* 100 SL** should be avoided.

MIXING

Half fill the spray tank with water and add the required volume of **LONTREL* 100 SL**. While filling the spray tank add surfactant at the rate indicated below while maintaining agitation.

APPLICATION

FOLIAR APPLICATION

(a) In Forestry

- **Use only on actively growing Acacias with full leaf cover**
- **LONTREL* 100 SL** application may be made over eucalyptus and pines.
- **LONTREL* 100 SL + TIMBREL* 360 SL** application can only be used in pines.
- Apply as an even cover spray to leaves and stems of Acacias.
- Do not apply to Acacias higher than 0,5 metres.
- Do not spray if rain is likely within three hours.
- Do not spray when Acacia leaves are wet as a result of rain or dew.
- Avoid spray drift onto non-target plants. At registered rates, **LONTREL* 100 SL** will not control or harm grasses.
- Use a knapsack sprayer or tractor sprayer with flat fan nozzles (eg. Lumark 04-F80 or equivalent type) that will ensure even coverage of the target area. Maintain a constant pressure of between 250 - 300 kPa.

(b) In Canola

- Apply by tractor with boom and nozzles in sufficient water (150 – 250 litres/ha) to ensure good coverage of the susceptible seedling broadleaf weeds
- Do not spray if rain is likely within three hours.
- Do not spray when weeds are wet as a result of rain or dew.
- Avoid spray drift onto non-target plants. At registered rates, **LONTREL* 100 SL** will not control or harm grasses.

MODE OF ACTION

While some Acacia plants may be killed, the majority will only be suppressed. This suppression will cause Acacias to remain stunted due to cessation of cell division and therefore growth, become yellowish, suffer leaf loss and lack of vigor. As such they present minimal or no competition to the crop trees. Some re-growth may occur.

RATE AND METHOD OF APPLICATION

A. FORESTRY

NOTE: Actipron** Super should be added at a rate of 500 mλ per 100 litres spray mix.

CROP/WEED	RATE/ha	REMARKS
EUCALYPTUS AND PINES <i>Acacia mearnsii</i> (Black wattle)	3,0 λ LONTREL* 100 SL	For Acacias under 30 cm in height apply 3,0 λ LONTREL* 100 SL in 300 litres spray mixture/ha. For Acacias 31 - 50 cm in height apply 3,0 λ LONTREL* 100 SL in 400 litres spray mixture/ha.
PINE ONLY <i>Acacia mearnsii</i> (Black wattle)	3,0 λ LONTREL* 100 SL + 300 mλ TIMBREL* 360 SL	For Acacias under 30 cm in height apply 3,0 λ LONTREL* 100 SL + 300 mλ TIMBREL* 360 SL in 300 litres spray mixture/ha. For Acacias 31 - 50 cm in height apply 3,0 λ LONTREL* 100 SL + 300 mλ TIMBREL* 360 SL in 400 litres spray mixture/ha.

SEEDLING WEEDS NORMALLY CONTROLLED POST-EMERGENCE IN FORESTRY AND NON-CROP AREAS AT 2.5 LITERS LONTREL* 100 SL /HECTARE:

<i>Bidens pilosa</i>	Black jack
<i>Cirsium vulgare</i>	Scotch thistle
<i>Conyza albida</i>	Tall fleabane
<i>Tagetes minuta</i>	Tall khaki weed
<i>Taraxacum officinale</i>	Common dandelion

N.B. For assistance in the calibration for spot treatments please contact the local technical representative of the supplier.

B. FIELD CROPS

CROP	RATE/ha	REMARKS
CANOLA	1,5 λ	<ol style="list-style-type: none"> 1. Apply post-emergence at 3 - 6 leaf stage of Canola when seedling weeds, as listed, are at the 2 – 4 leaf stage. 2. SANAWETT 90-940 SL adjuvant should be added to the spray mixture at 0,1 % concentration. 3. LONTREL* 100 SL is compatible with dimethoate or with cypermethrin or with GALLANT SUPER (L4962).

SEEDLING WEEDS NORMALLY CONTROLLED POST-EMERGENCE IN CANOLA AT 1.5 LITERS LONTREL* 100 SL / HECTARE:

<i>Arctotheca calendula</i>	Cape weed
<i>Medicago spp.</i>	Clovers
<i>Pentzia grandiflora</i>	Karoo bush

* Actipron Super (Mineral Oil), Reg. No. L5506, is the trademark of H&R GSP (Pty) Ltd.

24 HOUR EMERGENCY TEL. NO. (032) 533-0716

INFORMATION HOTLINE : TEL. NO.: (012) 361-8112

WAARSKUWINGS

Giftig indien ingesluk word.

Konsentraat mag irritasie van vel en oë veroorsaak.

Bêre in 'n koel plek.

Bêre weg van voedsel, voer, saad en ander landboumiddels en buite die bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

In geval van vergiftiging ontbied 'n geneesheer en toon hierdie etiket aan hom/haar.

HERBETREDING: Moet nie behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS

Dra beskermende handskoene, bril en klere wanneer die konsentraat hanteer word.

Moenie dampe of spuitnewel inasem nie.

Was besoedelde klere daaglik.

Was onmiddellik met seep en water indien per ongeluk met die vel in aanraking kom. Vermyn aanraking met die oë. In geval van oogkontak, spoel oë met skoon water.

Moenie eet, drink of rook tydens vermenging en toediening en alvorens hande en gesig gewas en skoon klere aangetrek is nie.

Verhoed spuitstofwegdrywing na ander gewasse, weidings, riviere, damme of enige gebied wat nie behandel word nie.

Om beskadiging van gewenste plante te voorkom moet houers en spuittoerusting wat gebruik is, deeglik skoongemaak word voor toediening van ander middels op sulke plante. Gooi was- en spoelwater uit waar dit nie gewasse, weiding, riviere en damme sal besoedel nie.

Spoel leë houer driekeer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer vernietig word deur gate daarin te maak en dit plat te druk en moet nie vir enige ander doel gebruik nie.

Voorkom besoedeling van voedselware, voer, drinkwater en eetgerei.

VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **LONTREL* 100 SL** met ander middels, benewens die aangedui is onbekend en die gebruik daarvan saam met **LONTREL* 100 SL** moet vermy word.

VERMENGING

Vul die spuittenk half vol met water en voeg die benodigde volume **LONTREL* 100 SL** by. Terwyl die spuittenk dan verder met water gevul word voeg die benatter by teen die dosis onder aangedui terwyl roering plaasvind.

TOEDIENING**LOOFTOEDIENING****(a) In Bosbou**

- **Wend slegs aan wanneer aktiefgroeiende Akasias 'n volle drag blare het**
- **LONTREL* 100 SL** toediening mag oor eucalyptus- en dennebome geskied.
- **LONTREL* 100 SL + TIMBREL* 360 SL** toediening mag net in dennebome geskied.
- Dien toe as 'n volledige dekbepuiting op blare en stamme van Akasias.
- Moet nie op Akasias hoër as 0,5 meter toegedien word nie.
- Moet nie toegedien word indien reën binne drie ure waarskynlik is nie.
- Moet nie toegedien word wanneer Akasiablare nat as gevolg van reën of dou is nie.
- Verhoed spuitstofwegdrywing na gewenste plante. Teen geregistreerde dosisse sal **LONTREL* 100 SL** nie grasse beskadig nie.
- Gebruik 'n rugsak- of trekkerspuit wat toegerus is met platwaaier tipe spuitstukke (bv. Lumark 04-F80 of soortgelyke spuitstukke) wat egalige benatting sal verseker. Handhaaf 'n konstante druk van 250 - 300 kPa.

(b) In Kanola

- Dien toe met 'n trekker en spuitbalk in genoeg water (150-250 liter water/ha) om 'n goeie bedekking van die vatbare breëblaar onkruid te verseker.
- Moet nie toegedien word indien reën binne drie ure waarskynlik is nie.
- Moet nie toegedien word wanneer onkruid nat as gevolg van reën of dou is nie.
- Verhoed spuitstofwegdrywing na gewenste plante. Teen geregistreerde dosisse sal **LONTREL* 100 SL** nie grasse beskadig nie.

WYSE VAN WERKING

Sekere van die Akasias sal sterf maar die meerderheid sal slegs onderdruk word. Hierdie onderdrukking veroorsaak dat die akasias kort bly as gevolg van staking van selverdeling en dus groei, vergeel, blare verloor en nie lewenskragtig is nie. Dit veroorsaak dat hulle minimaal of geen kompetisie vir die gewasbome sal wees nie. 'n Mate van hergroei mag plaasvind.

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE EN -METODE VAN TOEDIENING

A. BOSBOU

NOTA: Actipron**Super moet bygevoeg word teen 500 ml per 100 liter spuitmengsel

GEWAS/ONKRUID	DOSIS/ha	OPMERKINGS
EUCALYPTUS EN DENNE <i>Acacia mearnsii</i> (Swartwattel)	3,0 λ LONTREL* 100 SL	Vir Akasias onder 30 cm in hoogte dien 3,0 λ LONTREL* 100 SL toe in 300 liter spuitmengsel/hektaar. Vir Akasias 31 - 50 cm in hoogte dien 3,0 λ LONTREL* 100 SL toe in 400 liter spuitmengsel/hektaar.
DENNE ALLEENLIK <i>Acacia mearnsii</i> (Swartwattel)	3,0 λ LONTREL* 100 SL + 300 mλ TIMBREL* 360 SL	Vir Akasias onder 30 cm in hoogte dien 3,0 λ LONTREL* 100 SL + 300 mλ TIMBREL* 360 SL toe in 300 liter spuitmengsel/hektaar. Vir Akasias 31 - 50 cm in hoogte dien 3,0 λ LONTREL* 100 SL + 300 mλ TIMBREL* 360 SL toe in 400 liter spuitmengsel/hektaar.

SAAILING ONKRUIDE NORMAALWEG NA-OPKOMS IN BOSBOU EN NIE-GEWAS AREAS TEEN 2.5 LITER LONTREL* 100 SL /HEKTAAR BEHEER:

<i>Bidens pilosa</i>	Gewone knapsekêrel
<i>Cirsium vulgare</i>	Skotse dissel
<i>Conyza albida</i>	Vaalskraalhans
<i>Tagetes minuta</i>	Langkakiebos
<i>Taraxacum officinale</i>	Perdeblom

L.W.: Vir hulp met kalibrasie by kolbehandeling raadpleeg die plaaslike tegniese verteenwoordiger van die verskaffer.

B. AKKERBOUGEWASSE

GEWAS	DOSIS/ha	OPMERKINGS
KANOLA	1,5 λ	<ol style="list-style-type: none"> Dien na-opkoms toe op 3-6 blaarstadium van Kanola wanneer onkruidsaailinge, soos gelys, op die 2 – 4 blaarstadium is. SANAWETT 90 - 940 SL bevorderingsmiddel moet teen 0,1 % konsentrasie by die spuitmengsel gevoeg word. LONTREL* 100 SL is met dimetoaat of met sipermetriën of met GALLANT SUPER (L4962) mengbaar.

SAAILING ONKRUIDE NORMAALWEG NA-OPKOMS IN KANOLA TEEN 1.5 LITER LONTREL* 100 SL /HEKTAAR BEHEER BEHEER:

<i>Arctotheca calendula</i>	Gousblom
<i>Medicago spp.</i>	Klawers
<i>Pentzia grandiflora</i>	Stinkkruid

* Actipron Super (Mineral Oil), Reg. No. L5506, is die handelsmerk van H&R GSP (Pty) Bpk.

24 UUR NOODGEVAL TEL. NO. (032) 533-0716

TEGNIесе NAVRAE/INLIGTING TEL. NO. (012) 361-8112